

4 Januarie 2014

**Skrifgedeelte: Josua 7:16-26**  
**Fokusgedeelte: Josua 7:19**

### **Eer God deur skuldbelydenis**

Ek, met al my sonde, voor die almagtige God?

- Deur die Here nie voluit te ken in jou lewe nie, vertrap jy sy eer.
- Deur nie te besef dat jy in alles altyd in die teenwoordigheid van God is nie, verkleineer jy God.

Dit was Akan se sonde. Hy het in sy eie oë te groot geword. Deur sy ongehoorsaamheid het hy die toorn van God oor die hele volk gebring. Hulle kon nie Ai, die kleinerige stad wat se naam "bouval" beteken, oorwin nie ... Dit nadat die sterk Jerigo maklik in hulle hande geval het.

Nadat Akan as die ongehoorsame sondaar aangewys is, vermaan Josua hom vaderlik om sy sonde erken, want dan juis kan die eer van die Here weer uitkom.

Dit is sondebelydenis –

- om al die die eer aan die Here te laat toekom ...
- om dit wat in jou lewe verkeerd is, nie weg te steek nie ...
- om juis met die Here daarvoor te praat.

Skuldbelydenis beteken om die teenwoordigheid van die Here elke oomblik van jou lewe te erken. Dit is om klein te wees voor die grote God. Dit is die verloëning van jou eie skynbare grootheid en die belydenis van jou totale afhanklikheid aan God.

Akan moet sterf as straf op sy sonde. Deur die sonde van een man kom die vloek oor die hele volk en deur sy dood word dit opgehef.

Ons ... sondaars? Soos Akan verdien ons net die dood ... Maar deur die dood van een Man is die vloek oor ons opgehef. Jesus Christus het vir ons deur die dood gegaan, sodat ons kan lewe, sodat ons deel kry aan die ewige lewe waar ons God voluit kan eer.

Ek, ellendige mens, voor die almagtige God? Ja! In Christus is ek nou sy kind. Dit beteken:

- Hy is elke oomblik by my.
- Hy dra en versorg my.
- Hy het my lief.

As kind moet

- ek Hom eer
- met Hom in alles leef
- my sondes voor Hom bely

... want een Man, Jesus Christus, het my vir Hom duur gekoop.

Kan jy dan anders as om tot sy eer te leef? So begin jy elke dag nuut leef met God.

Sing: Psalm 32:1, 3 (1936)

Ds RG (Roelie) Aucamp (Emeritus Middelburg KP)